The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

BEELD 2012/02/22 Page: 7

AVE: R 14699.97

Mnr. Winston Phillis (agter) kyk gister toe kort voordat mnr. Stephen Katz (regs) namens die Khoisan-gemeenskap in Pretoria eise aan die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming oorhandig het. Foto: ALET PRETORIUS

Khoisan eis miljoene hektaar staatsgrond

Sarel van der Walt

'n Handjievol lede van die Khoisan-gemeenskap het gisteroggend in Pretoria met die hulp van AfriForum Jeug 'n memorandum aan die departement van landelike ontwikkeling en grondhervorming oorhandig oor grondeise van dié gemeenskap.

Hulle glo hulle is geregtig op miljoene hektaar staatsgrond in veral die Noord- en Wes-Kaap.

Die Khoisan eis ook in die memorandum wat aan mnr. Phumzile Simelela, 'n hoofdirekteur van die departement, oorhandig is, dat sy geskiedenis erken word.

Mnr. Stephen Katz, Khoisan-verteenwoordiger en ondervoorsitter van die South African Progressive Civic Organisation, het gesê die regering sleep sy voete met grondhervorming.

"Dit is tyd dat die regering die regte ding doen en die grond wat die inheemse toekom, aan hulle gee."

Katz het gesê baie mense in die land wat tot die Khoisan behoort, weet dit nie.

Mnr. Charl Oberholzer, nasionale voorsitter van AfriForum Jeug, het gesê die Khoisan het AfriForum genader "om hande te vat in die geveg om minderheidsregte in Suid-Afrika".

"Weens die ingewikkelde geskiedenis van die land minag die ANC gerieflikheidshalwe groepe soos die Khoisan en die Afrikaner deur nie erkenning aan hul geskiedenis te gee nie," het hy gesê.

"Dit is tyd dat die ANC besef dat hulle nie alleen in hierdie land woon nie."